430. D3.5

# Die ruiterwag.

1.Om die probleme van minderhede in perspektief te stel, help dit om hulle in die konteks van heersende internasionale tendense te plaas.In die bi-polere wereld van die koue oorlog was dit sondermeer aanvaar dat faktore soos etnisiteit,ras of kulturele minderhede sou verdwyn indien kommunisme,of kapitalisme sou oorwin.Beide was ,en is, sg. moderniserende ideologiee wat veronderstel dat, namate ekonomiese en maatskaplike ongelykhede onder die impak van beide se sukses, afneem,mobilisering op die basis van ras of etnisiteit ook sal afneem, en uiteindelik heeltemal verdwyn.Maw. die aaname is dat die belangrikste faktor wat ten grondslag van hierdie vorm van identifikasie le,eksterne faktore is, wat deur politieke en ekonomiese omstandighede gemanipuleer kan word.

2.Sedert die middel 1989 het die wereld ,teen alle verwagtinge in, n ontploffing van etniese nasionalisme beleef,veral in Sentraal en Oos Europa waar kommunisme en kapitalisme hulle kwaaiste stryd gevoer het.Politieke en ekonomiese wetenskaplikes, poog sedertdien om verklarings vir hierdie verskynsels aan te bied. Daar is veral die volgende internasionale tendense wat deur die val van die Berlynse muur ontketen is, en wat direkte konsekwensies vir etniese minderhede het.

3.Die eerste is die toename in globalisering.Hiermee word bedoel die groter beweeglikhied van kapitaal,inligting,tegnologie en vaardighede.Die beweeglikheid van kapitaal skep toenemend n internasionale ekonomie waar veranderings in een deel van die wereld, onmiddelike gevolge vir ander dele van die wereld het;die wat nie deelneem aan hierdie ekonomie nie , word doodeenvoudig agter gelaat en word deel van die groeiende gaping tussen ryk en arm lande.Die wat wel daaraan probeer deelneem, ontdek baie gou dat hulle lokale diskresionere vryheid ingeperk word,maw.faktore soos ekonomiese,onderwys,behuisings beleid word direk beinvloed deur internasionale ekonomiese faktore.Dink maar aan die verhouding tussen GEAR,IMF en die vakbonde in SA.

4.Die tweede, is die vermindering van die outonomie en onafhanklikheid van die nasie-staat as n entiteit in internasionale betrekkinge.Hierdie is n variasie op bg. tema, maar dit word veral n probleem in die pogings tot sg. “nasiebou”.As die staat sy vermoe verloor om, om te sien na die belange van sy onderdane,verloor dit ook sy rol as mobiliseerder van primere en oorkoepelende lojaliteit onder die burgers van die samelewing .Dink maar aan die verval van die Soviet-unie ,Joegoslawie ens, waar

middelpuntvlietende kragte soos etniese nasionalisme die outonomie van die ou staatsmagte ondermyn.Trouens, die val van Kommunisme in Oos en Sentraal Europa het ou staatstrukture uitmekaar laat spat, en gelei tot die herdefiniering van nuwe nasiestate.

5.Die derde, is die dominansie van die liberale-demokrasie as die gewenste regeringsvorm in internasionale politiek.Die uitstaande kenmerk van hierdie staatsregetlike bestel, is konstitusionele regering, die skeiding van magte en die beskerming van individuele regte in n handves wat aan die reg getoets kan word.So n demokrasie skep egaliterende verwagtings, en plaas n besondere sterk verpligting op die staat om te presteer teenoor die regte, en verwagtings van die gewone burger .Maw. die politieke sisteem belowe gelykheid van resultate.In n samelewing waar daar n veelvoudigheid van kulturele minderhede is, skep dit onvermydelik nuwe spanninge.

6.Die vierde, is die toenemende prominensie en belangrikhied van die vrye marksisteem.Op die oomblik is daar geen kompiterende ekonomiese ideologie nie .Alle ekonomiese beleidsmaatreels,beide plaaslik en internasionaal, gaan oor die bestendiging en versterking van hierdie ekonomiese beleid.Dit is by uitstek n mededingende marksisteem en die basiese gevolg van die suksesvolle werking daarvan,is die ongelykhied van resultate.Dit neem geen besondere verstand om te sien,dat waar n liberale – demokrasie , wat gelykheid van resultate belowe, gekombineer word met n vrye marksisteem ,wat ongelykheid van prestasie bewerkstellig,daar n hele reeks teenstrydighede kan ontwikkel ;veral in n samelewing wat ekonomies nog nie ver ontwikkel het nie, en waar daar kulturele en etniese minderhede is, tussen wie daar groot maatskaplike en ekonomiese ongelykhied, bestaan .

7.Die vyfde en laaste,wat ek wil noem, is bevolkingsmigrasie en verskuiwings.Dit het geweldig toegeneem binne en tussen, samelewings.Al bg. internasionale tendense het natuurlik n sterk invloed hierop uitgeoefen.Sommige van die algemene gevolge hiervan is:verskerpte verstedeliking en groter druk op die sosio-ekonomiese infrastruktuur;wekloosheid,misdaad,onwettige immigrasie,politiek konflik ens.Veral van belang, is die hernieude vraagstelling oor wie, en wat n burger is,en watter regte en verpligtinge op so iemand van toepassing is.

8.Wat is die algemene gevolge van die internasionale tendense van globalisering,vermindering van die selfstandigheid van die nasie-staat,die dominansie van n liberale demokrasie,die belangrikheid van n vrye en mededingende markekonomie en bevolkingsverskuiwings dan spesifiek vir kuturele en etniese minderhede? a]n Groter bewustheid van ekonomiese ontbering tussen groepe in dieselfde staatsbestel.b]n Verskerpte mededinging vir regte en dienste vanuit staatsbesteding.c]n Groter gevoel

van diskriminasie en vervolging teen minderhede.d]n Toenemende betrokkenheid met die kwessie van kulterele identitieit,maw. wie is, en wie is nie, deel van die minderheid nie .e] n Bevraagtekening van die selfbeskerming waarop minderhede binne die struktuur van n liberale demokrasie geregtig is,maw die stryd tussen individuele en groepsregte.f]n Besorgdheid oor die kollektiewe ekonomiese, en poltieke beskerming van die minderheid.g] Verwarring en twyfel oor die spanning tussen lojaliteit teenoor die waardes van die minderheid, en lojaliteit teenoor die staat,of te wel spanning tussen nasiebou en etnisiteit.h]Die probleem van permanente uitgeslote minderhede in n politieke proses wat deelname belowe.i]Spanning oor basiese gemeenskapswaardes soos moedertaalonderrig en godsdiens.
9.Die interressante is, dat hierdie natuurlik nie nuwe verskynsels rondom multikulturele samelewings en minderhede is nie.Wat nuut is, is dat die hantering van hierdie probleme in n heeltemal nuwe konteks plaasvind nl. globalisering,demokrasie,vryemark en groter vryheid van beweging.Vroeer was daar heelwat meer gedwonge etniese skoonmaak soos onlangs ,en tans in die voormalige Joegoslawie plaasvind.Kulturele minderhede vind dat hulle baie meer op hulle eie interne bronne aangewys is om te oorleef, as om te vlug, of te reageer op, volskaalse entniese uitwissing of onderdrukking.Die massamoorde vanTutsis en Hutus ,Serbiers,Kroate,Moslems ens.ontlok veel meer internasionale weersin en veroordeling as wat vroeer die geval was.Apartheid het wel die aandag gevestig op gedwonge etnisiteit en bevolkingsverskuiwing maar dit was nie heeltemal n geisoleerde verskynsel in hierdie eeu nie:dink maar aan Jode en Sigenieurs onder Hitler;Krimeense Tartare,Volga Duitsers,Ghechense-Ingus onder Stalin;Ibos in Nigeria;suidelike swartes in die Sudan;Armeniers in Anatolia;oorsese Chinese in sekere dele van Suid-Oos Asie ens.,ens.In die stryd tussen Kommunisme en Kapitalisme moes baie minderhede veg vir oorlewing teen die doelbewuste vervolging en onderdrukking van die staat.In die nuwe internasionale konteks is dit amper asof die houding is:minderhede wat wil oorleef, is aan hulle eie inherente,kollektiewe ekonomiese,maatskaplike en kulturele bronne oorgelaat;die staat gaan hulle nie meer doelbewus uitwis of vervolg nie ,maar as hulle wil voort bestaan, is dit hulle eie saak.
10.Wat is die implikasies van wat so pas gese is, vir Afrikaans en Afrikaners?
Dink maar aan die volgende:a]Toe sommige Afrikaansprekendes politieke mag in SA gemonopoliseer het ,was daar n vasberade poging om n uitsluitlik politieke definisie aan Afrikanerskap te gee.Noudat daar n verlies aan politieke mag is ,ontstaan nuwe vraagstellings oor die verhouding tussen

poltiekbewuste Afrikaansprekendes en Afrikaanse kultuur: wie is n Afrikaner?het dit n inklusiewe of eksklusiewe betekenis?b]As dit inklusief is , hoe word Afrikaansprekendes gemobiliseer om hulleself as n minderheid in n liberaal demokratiese opset te laat geld.c] Moet daar noodwendig n ooreenkoms tussen politieke en kulturele lidmaadskap wees?d]Hoe versoen mens nasiebou met selfbeskikking van n kulturele minderheid?e]Het die staat werklik die vermoe om gelykeberegting te laat geskied aan n veelvuldigheid van kulturele minder hede?f]Hoe verwerk Afrikaners, wat deel was van n dominante minderheid,die verlies aan mag en status, en hulle huidige magtelose situasie? g]Kan die nuwe regeerders waag om minderheidsbelange te laat gedy, ten koste van oorkoepelende waardes van nasionale solidariteit?h]En as die oorkoepelende waardes op n inklusiewe onverdraagsame manier gedefinieer word, wat die regte van minderhede misken,hoe reageer sulke minderhede?I]Wat is die impak van globalisering op kulturele selfidentiteit en hoeveel Afrikaansprekendes word daardeur geraak?

I]In die nuwe bestel,hoeveel inklusiewe vrywillige organisasies bestaan daar vir Afrikaansprekendes waar hulle sake van gemeenskaplike belang kan bevorder?

11.Dit is nie moeilik om hierdie ,en baie ander vrae te stel, wat alle minderhede in die nuwe SA, en elders in die wereld ten nouste raak nie .Watter riglyne kan n mens voorstel,spesifiek vir Afrikaansprekendes,in die nuwe SA,om hierdie vrae te beantwoord?Sonder om voorbarig te wees ,lyk dit vir my, sal ten minste die volgende kwessies aandag moet geniet:a]Hoe kan Afrikaanssprekendes help om oorkoepelende waardes van inklusiewe verdraagsaamheid te bevorder?Maw. hoe identifiseer hulle met die nuwe bestel deur gemeenskaplike belange met minderheidsbelange te versoen,dws.waardes wat eenheid en verskeidenheid,en verskeidenheid in eenheid te bevorder?Ek glo hierdie gaan een van die grootste uitdagings wees wat die liberale demokrasie in die 20ste eeu in die gesig gaan staar.Hoekom sal SA, en spesifiek Afrikaners nie hier die pas aangee nie?b]Hoe kan Afrikaansprekendes hulle toenemend professioneel,tegnies en ekonomies onmisbaar,en onverplaasbaar maak in die nuwe bestel?Veral op so n manier dat hulle die algemene welsyn, asook hulle eie selfstandigheid as minderheid versterk.c]Hoe kan Afrikaanssprekendes leer om meer en meer onafhanklik van staatsafhanklikheid te dink en te leef?Hulle moet hulle eie kulturele;ekonomiese en maatskaplike bronne ontgin en gebruik om hulle eie selfstandigheid en selfbeskikking te bevorder.Hoe meer hulle daarin slaag, hoe minder is hulle n las vir n staat wat sukkel met probleme van ekonomiese onderontwikkeling,en hoe groter is die rol wat hulle kan help

430.D3.5

speel met die hoof bied van daardie probleme.d] Die taal is die belangrikste gemenedeler.Dit is absoluut noodsaaklik dat inklusiewe vrywillige organisasies geskep en versterk word om gemeenskaplike taalbelange te bevorder,veral op onderwysgebied.Met inklusief word bedoel wit,bruin, swart,Christen en Moslem Afrikaansprekendes.As Afrikaanssprekendes nie eenheid in verskeidenheid kan bewerkstellig nie,watter kans is daar dat hulle dieselfde rol in die breer samelewing kan speel?e] En veral belangrik,moet nie weer Afrikanerskap gaan verskraal tot lidmaadskap van een politieke party of verbintenis tot n bepaalde ideologiese standpunt nie.Op die manier is Afrikaners ontneem van n wye verskeidenheid van kulturele,intelektuele en ekonomiese talent.Daar is miskien niks erger wat met n kulutrele minderheid kan gebeur ,as dat sy kulturele,professionele en intellektuele leierskap van hom vervreemd raak nie.

12.Ek het probeer aandui dat daar nuwe internasionale tendense losgelaat is met die verdwyning van die koue oorlog;dat hulle beide geleenthede en probleme vir minderhede skep;dat minderhede baie meer vryheid en beweeglikheid het om hierdie probleme die hoof te bied.Die verdwyn van die koue oorlog het saamgeval met sommige Afrikaansprekendes se verlies aan politieke dominansie;dat dit die hele kwessie van Afrikanerskap weer oopgegooi het vir herdefiniering;dat n inklusiewe definisie van Afrikaanswees die potensiaal het om die taal, en die wat hom praat,op n konstruktiewe manier te laat oorleef en groei in die nuwe bestel.Maar dit gaan moeilik wees.Terwyl die Afrikaner met sy eie selfondersoek besig is,vind hy homself in n ontplooiende politieke bestel waar die nuwe bewindhebbers worstel met die probleme van "nasiebou" en die staanmaak van hulle, en SA se outonomie as nasiestaat, in n globaliserende wereld.Die vraag wat binne die volgende dekade beantwoord gaan word ,is of Afrikaanssprekendes die inherente kulturele bronne kan ontwikkel om n betekenisvolle rol in hierdie nuwe bestel te speel.

Van Zyl Slabbert.Jan.1998.